

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:4, 5 (27:4, 5)

- 4 Ek geloof, met stille^oaanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.
- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis / van wie almal saam 'n eenheid,
in hul Heer een liggaam is. Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n lewe^oin eewge duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 68:9, 13 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seënige.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 50:7, 11 (p. 255)

- 7 “Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan,
betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan.
Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer.”
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / 'n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

9:3, 6 (p. 249)

- 3 Onvindbaar is vir ewig die rantsoen / wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan, / hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;
Daar 's niemand wat die dood ontvlug, geeneen; / en magt'loos gaan die mensekind weer heen.
Geen skatte volg hom op dié donker spore; / wat hy verwerf het, is vir hom verlore!
- 6 Maar ná die dood, dan rys die dag vir my. / God sal my red, Hy koop my siel dan vry.
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd, / neem my dan op in eewge heerlikheid.
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei, / wanneer sy huis in waarde^oen weelde bloei;
want by die grens daar staan die dood, die wagter; / dié wys 'n graf, en – hy laat alles agter!

Skriflesing: Filippense 1:12-26; 1 Korintiërs 15:35-58;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 22:57

Kernvers: Filippense 1:21, 23

Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

**Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan
en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.**

(Filippense 1:21, 23 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?

Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b).

(a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.

Tema: Ons sal verseker liggaamlik opstaan

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, niemand wil sommer net sterf nie. Elke mens wie se lewe bedreig word, veg om aan die lewe te bly. Ons natuurlike reaksie in doodsgevaar is 'n reaksie om te oorleef. Vir ons gelowiges is dit 'n normale reaksie om jou eie lewe of die van ander mense wat in doodsgevaar verkeer te beskerm en te verdedig, want lewe is immers 'n gawe van God. En niemand het die reg om iemand se lewe sommer net te neem nie, want lewe is die Here se eiendom. Jy kan nie iets wat aan die Here behoort, neem asof jy daarvoor seggenskap het nie.

Dit is die rede hoekom gelowiges hulle eie lewens en die lewens van hulle naaste sal beskerm. Maar ongelowiges het nie dieselfde rede hoekom hulle om hulle lewe sal veg nie. Vir die ongelowiges is hierdie lewe al wat daar is, daarom kan 'n mens ook verstaan hoekom hulle bang is vir die dood. Hulle vestig immers al hulle hoop en vertrou op hierdie lewe en wat hierdie lewe hulle kan bied, en hierna is daar volgens hulle net mooi niks nie. As daar dan werklik niks na hierdie lewe is nie, verstaan 'n mens hoekom ongelowiges sal veg om te bly lewe. Niemand wil tog in die niet verdwyn nie.

Maar hoekom hoor 'n mens ook by gelowiges dat hulle bang is vir die dood? Miskien kan hierdie bang wees vir die dood toegeskryf word aan die vreemdheid van die dood. Daar is immers nie iemand wat dood was en weer teruggekom het na ons toe om ons van die dinge anderkant die dood te vertel nie.

Alhoewel niemand nog ooit teruggekom het om ons van hierdie dinge te vertel nie, is ons glad nie onkundig daarvoor nie. Ons bely dan in die elfde artikel van die Twaalf Artikels dat ons **aan die opstanding van die liggaam** glo. Niemand van ons sê dit terwyl die vrees vir die dood ons hart omklem nie. Ons bely dit met vreugde en verlange in ons hart.

Maar hoekom kan ons gelowiges dan met vreugde en verlange bely dat ons **aan die opstanding van die liggaam** glo? Die dood wat die opstanding van die liggaam voorafgaan, is tog nie 'n saak om oor bly te wees en na uit te sien nie. Die dood is tog die einde van alles vir die mens wat sterf. Ons voel tog almal van nature so oor die dood. Maar ons natuurlike gevoel oor die dood mag nooit vir ons die norm wees nie. Die Skrif, waarin die Heilige Gees ons leer wat reg is, is ons norm. En wanneer ons in die Bybel van die dood lees, troos die Heilige Gees ons. Daarom word daar in ons Kategismus gevra: **Watter troos gee die opstanding van die liggaam vir jou?** In antwoord op hierdie vraag bely ons twee stukke troos, naamlik dat die gelowige se siel by die dood na Christus toe gaan, en dat die gelowige se liggaam en siel weer verenig sal word by die opstanding van die liggaam.

Kom ons let eers op die eerste deel – die troos dat die gelowige se siel by die dood na Christus toe gaan. Die dood is inderdaad 'n hartseersaak vir die geliefdes van 'n gelowige. Maar die Here wil ons nie bang laat wees daarvoor nie, hoewel daar 'n skeiding tussen die liggaam en siel kom. Terwyl ons lewe, is ons liggaam en siel innig met mekaar verbind – so innig dat 'n mens nie kan sê watter deel van 'n mens net liggaam is en watter deel net siel is nie. Dit is eers wanneer iemand sterf dat ons kan sê dat die lewelose liggaam net

liggaam is, want by die dood is daardie innige band tussen liggaam en siel verbreek. Dan is die siel geheel en al los van die liggaam. So was dit ook met Jesus Christus. Toe Hy gesterf het, het Hy sy gees of siel in die hande van sy Vader oorgegee en sy laaste asem uitgeblaas. Daarna het net sy lewelose liggaam aan die kruis gehang en is later begrawe.

Miskien moet ons eers vir onself duidelikheid kry oor wat ons met siel bedoel. Dit is moeilik om presies te sê wat dit is, tog kan 'n mens naastenby dit so verduidelik: Die siel is "iets" van die mens waarin die diepste wese van sy menswees begrepe is. Die persoon van die mens soos hy is met al sy gawes en vermoëns en ook tekortkominge is in hierdie "iets" saamgevat. Tog het die siel nie in homself enige onsterflikheid nie. Die siel is ook 'n skepsel van God. Maar God gee aan die siel onsterflikheid sodat dit nie deur die proses van doodgaan aangetas kan word nie. Daarom kan ons sê dat die siel die lewende beginsel is van elke mens wat na sy dood bly voortbestaan.

Wanneer Paulus aan die Filippense skryf en by die saak van lewe en sterwe kom, sê hy dat as hy sterf hy by Christus sal wees. Uit wat ons van nature weet oor die dood, kan ons aanneem dat Paulus nie van sy liggaam praat wat by Christus sal wees nie. Paulus praat van sy eie siel, die lewende beginsel waarin al sy vermoëns en gawes, sy hele persoon, saamgevat is. Maar sy siel omvat sy hele persoon so kernagtig dat hy sê dat hyself by Christus sal wees wanneer hy sterf.

Dat die siel nie deur die proses van doodgaan of doodmaak vernietig kan word nie, word vir ons duidelik wanneer Christus vir sy dissipels so bemoedig:

Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. (Matteus 10:28 AFR83)

Die siel is betrokke by die doodgaanproses, want dan word die siel van sy liggaam geskei. Maar die doodgaanproses vernietig nie die siel nie.

Noudat ons met ons gebrekkige woorde vir onself klarigheid oor die siel van die mens gekry het, kan ons voortgaan. Ons bely die volgende aangaande ons siel: **my siel word by die dood dadelik na Christus, sy Hoof, opgeneem.** Wanneer 'n mens sy laaste asem uitblaas en sterf, vertrek die siel oombliklik uit die liggaam uit. Daar is geen sprake van 'n tussenpose vir die siel van 'n gelowige nie. Sy bestemming is by Christus. Ook wanneer Paulus skryf van sy eie verlange daarna om te sterf, sê hy niks van 'n tussenin-toestand waar sy siel eers vir 'n ruk lank bewusteloos gaan bestaan nie. Die Sewendedag-adventiste leer dat daar so 'n bewustelose voortbestaan van 'n mens se siel is na sy dood. Hulle noem dit die sieleslaap van die gelowiges totdat Christus weer terugkom. Paulus praat ook niks van 'n suiweringsproses vir sy siel nie. Die Roomse Kerk glo aan so 'n suiweringsproses wat hulle die vagevuur noem. Hulle sê dat 'n gelowige wat sterf se siel eers in die vagevuur van al sy oorblywende sondes gereinig word. Ons lees niks van een van hierdie sake in die Bybel nie.

As daar regtig so iets was soos die vagevuur of 'n bewustelose voortbestaan van 'n mens se siel na die dood, kan 'n mens tog nie met soveel verlange oor jou eie dood praat soos wat Paulus dit doen nie. Daarom glo ons op grond van wat die Here aan ons openbaar dat ons siel dadelik na Christus toe opgeneem word wanneer ons sterf. Christus het mos nie vir die misdadiger aan die kruis langs Hom gelieg nie toe Hy vir hom gesê het:

Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.
(Lukas 23:43 AFR83)

Nie eers môre of met die wederkoms van Christus nie, maar vandag, hierdie selfde dag.

Vir ons gelowiges is hierdie wete 'n groot troos. Dit is veral vir gelowiges 'n groot troos na die dood van 'n dierbare. Terwyl ons nog huil en 'n graf grawe of na 'n begrafnis-ondernemer soek, is die siel van die gelowige reeds by Christus in die hemel. Daar is geen wagtyd nie, want Christus het reeds sy plek in die Vaderhuis gereedgemaak.

Een laaste saak oor die troos van ons siele wat na Christus opgeneem word. Wanneer Jesus die gelykenis van die ryk man en Lasarus vertel, sê Hy:

Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham. (Lukas 16:22 AFR83)

Dit beteken, as 'n gelowige sterwe, ons in die gees kan sien hoe engele sy siel neem en bring na die plek van ewige vreugde by Christus. Geliefdes, is dit nie 'n groot troos nie? As ons hier sterf, leef ons siele dadelik by Christus voort.

Nou kan ons ons aandag by die tweede deel bepaal – die troos van die opstanding van die liggaam. Omdat Christus die dood oorwin het deur self uit die dood uit op te staan, kan die gelowige verseker weet dat hyself ook eenmaal liggaamlik uit die dood sal opstaan. En nou bely ons oor die opstanding van ons liggame twee sake: Ons staan met dieselfde liggaam op as waarmee ons begrawe is en tog sal ons liggaam anders wees.

Dat ons met dieselfde liggaam uit die dood gaan opstaan as waarmee ons begrawe is, verduidelik Paulus met die beeld van die saad en die plant wat daaruit voortkom. Die saad wat gesaai word, bepaal tog watter soort plant daaruit gaan voortkom. As 'n mens 'n koringkorrel in die grond plant, kan 'n mens tog nie verwag dat 'n vyeboom sal opkom nie. Uit 'n koringkorrel kom 'n koringplant te voorskyn.

Daar is dus 'n noue band tussen die saad wat gesaai word en die plant wat te voorskyn kom, hoewel die koring 'n nuwe gedaante het as wat dit gehad het toe dit gesaai is. So is dit ook as die mens uit die dood opstaan. Ons sal met hierdie selfde liggame wat ons nou het, opgewek word, hoewel dit 'n nuwe en veel heerliker gedaante sal hê.

Dit beteken dan dat wanneer ons eenmaal uit die dood uit opstaan ons liggame 'n gedaanteverwisseling ondergaan en nie 'n wesensverandering nie. Ons liggame gaan anders lyk, maar dit sal dieselfde liggame wees wat nuut gemaak is deur Christus. God gee aan elke saadkorrel wat gesaai word 'n liggaam soos Hy wil, aan elke saadkorrel gee Hy sy eie liggaam.

Dat ons met hierdie selfde liggame uit die dood gaan opstaan, is nou reeds vir ons troosryk, want dit openbaar die grootsheid en heerlikheid van Christus se verlossingswerk. As ons siele by Christus se wederkoms heeltemal ander liggame sou kry en die ou liggame in die grafte sou bly, sal dit beteken dat Christus die dood nie heeltemal oorwin het nie. Dit sou beteken dat die dood vir Hom te sterk is, want Hy kan nie ons liggame uit die dood uit opwek nie.

Maar nou het Christus die dood ten volle oorwin. Later in hierdie hoofstuk stel Paulus dit duidelik:

Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal! (1 Korintiërs 15:54 AFR83)

Daarom sal elkeen van ons met dieselfde liggaam uit die dood uit opstaan as waarmee hy in die graf neergelê is, maar die liggaam sal anders wees.

Ons bely verder dat wanneer ons liggame uit die dood opgewek en met ons siele verenig is, dit **aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal** wees. Wat dit beteken is moeilik om vas te stel, aangesien die Skrif nie 'n duidelike beskrywing van Christus se heerlike liggaam gee nie. Nêrens word daar vir ons gesê hoe Christus se liggaam anders gelyk het na sy opstanding nie.

Die Heilige Gees leer ons wel dat daar 'n groot verskil in heerlijkheid sal wees tussen die liggame wat ons nou het en wat ons by die opstanding sal hê. Die beeld wat Paulus van die saad en die plant gebruik maak dit in 'n mate aan ons duidelik. Hy sê:

Wat jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie, maar as 'n blote saadkorrel, of dit nou koring is of iets anders. Maar God gee 'n gestalte daaraan, soos Hy bepaal het; aan elke saadsoort gee Hy 'n eie gestalte.

(1 Korintiërs 15:37-38 AFR83)

Dit is asof Paulus vir ons sê: Neem 'n blote koringkorrel en plaas dit nou aan die een kant. Neem dan 'n volgroeide koringplant met die volle halm en aar en plaas dit aan die ander kant. Die koringplant is tog baie mooier en indrukwekkender as 'n blote koringkorrel. Die verskil tussen die korrel en die volgroeide plant dui vir ons iets aan van die verskil in heerlijkheid tussen hoe ons liggame nou lyk teenoor hoe dit by die opstanding sal lyk.

Iemand het die verskil tussen die gelowige se liggaam van nou en sy liggaam by die opstanding met die volgende beeld vergelyk: Die vlinder is dieselfde wese wat vroeër 'n wurm en toe 'n papie was. Die liggaam van die gelowige by die opstanding is dieselfde liggaam van die gelowige wat begrawe is, maar tog anders. Die vlinder se gedaante is baie mooier as toe dit 'n wurm of 'n papie was. So sal die gelowige se liggaam by die opstanding baie heerliker wees as toe hy op aarde geleef het.

Paulus dui die verskil tussen ons liggame by die opstanding teenoor ons liggame van nou ook soos volg aan:

wat gesaai word, is verganklik en word in onverganklikheid opgewek; wat gesaai word, is gering en word in heerlijkheid opgewek; wat gesaai word, is swak en word in krag opgewek. 'n Natuurlike liggaam word gesaai, en 'n geestelike liggaam word opgewek. (1 Korintiërs 15:42-44 AFR83)

Ons liggame is nou nog verganklik. Ons is soos gras; in die môre bloei dit en spruit weer uit, en in die aand sny 'n mens dit af en dit verdor. Ons liggame is aan die vernielende mag van die dood onderwerp. Maar by die opstanding is ons liggame onverganklik. Ook ons liggame sal ten volle bevry wees van die afbrekende krag van die dood en die slytasie van die tyd. Nou is ons liggame nog gering, iets wat nie waardig is vir die koninkryk van God nie omdat dit nog 'n sondige natuur huisves. Daarteenoor sal ons liggame in heerlijkheid opgewek word en opgeneem word in die volle burgerskap van die hemel. Tans is ons liggame nog swak en nie bestand teen die baie magte wat dit afbreek nie – siekte, swaarkry, spanning, ooreising en uiteindelik die dood. Maar ons liggame sal by die opstanding deur die krag van die Heilige Gees ook die dood oorwin. Nou is ons liggame nog natuurlik. Dit is broos en afhanklik van aardse middele om aan die lewe te bly en is ook nog deurtrek met 'n sondige natuur. By die opstanding sal ons liggame egter geestelik wees. Ons liggame sal geheel en al deur die Gees van God beheers word.

Geliefdes, wanneer ons self die aftakeling van ons liggame aanskou en sien hoe verganklik dit nog is, is dit vir ons 'n groot troos om uit die Here se mond te hoor dat ons liggame by die opstanding heeltmaal vry van al hierdie verganklikheid sal wees.

Die dood hoef ons nie bang te maak nie. Vir die kind van God is hierdie heerlike troos weggeleê: Die dag wanneer ons sterf is ons siele dadelik by Christus om dan reeds in die

vreugde van die Here te leef en te deel. En by sy wederkoms sal Hy ons siele saambring en ons liggame wat in die graf neergelê is, opwek sodat Hy ons siele en liggame weer met mekaar kan verenig. Dan sal ons 'n liggaam hê wat nooit weer dood en hartseer, pyn en swaarkry sal kan beleef nie. Mag die Heilige Gees elkeen van ons met hierdie woorde troos wanneer ons weer 'n dierbare deur die dood verloor of wanneer ons ons eie dood afwag.

Amen!

Slotgebed

Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 Mei 2014